# Hoofstuk van die dag: Openbaring 16

> *“Kyk, Ek kom onverwags soos ’n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.” (vers 15)*

Die bakke herinner weer baie sterk aan die plae in Egipte,

voordat die volk van God toegelaat is om te trek (vgl Eks 7–10). En net soos met die trompette konsentreer die eerste vier toornbakke op die aarde, see, waters en hemelliggame, die vyfde op duisternis en pyniging en die sesde op die oorlogsaanslag uit die ooste. Die verskil tussen die trompette en bakke is die toename in intensiteit. By die trompette word net 'n deel van die aarde aangetas, om die moontlikheid tot bekering oop te laat, terwyl die toornbakke alles vernietig as deel van God se finale oordeelsvoltrekking.

Die einde van die wêreld soos ons dit ken, het aangebreek. Die groot stad Babilon (vers19 – dis 'n kodenaam vir die stad Rome, die setel van die Romeinse Ryk) word finaal vernietig. En tog bekeer die mense hulle nie, maar bly teen God laster (vers 21).

God oordeel regverdig en sal uiteindelik die Bose en sy volgelinge vernietig. Ons moet naby God bly leef (vers 15) sodat ons. wanneer dit gebeur, gereed is.

---

- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video's en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …

# Hoofstuk van die dag: Openbaring 15

> *Een van die vier lewende wesens het toe aan die sewe engele sewe goue bakke gegee, gevul met die toorn van God, van Hom wat tot in alle ewigheid lewe. (vers 7)*

Die sewe seëls het God se oordeelsvoltrekking ingelui (Op 6:1–8:1), die sewe trompette het die dringendheid van die oordeelsvoltrekking beklemtoon (Op 8:2–11:19) en nou breek die finale voltrekking van God se oordeel oor die goddeloses aan met die sewe bakke (Op 15:1–16:21). Die groeiende intensiteit is opvallend. Net soos by die trompette speel die natuurelemente en Eksodusmotiewe by die bakke ’n belangrike rol.

Die sewe goue bakke is die skottels waarin die brandende kole vir die wierookoffer gewoonlik gehou is. Op hierdie oomblik is die bakke gevul met die vuur van die toorn van God (vers 7). Dit gaan nie nou oor die bevrediging van God se woede nie. Dit gaan oor sy heiligheid wat sonde nie verdra nie.

Die lied wat die mense sing (vers 3-4), is ’n pryslied tot God, nie ’n wraaklied waarin hulle hulle oor die ondergang van

die goddeloses verlekker nie. Dit is die ingesteldheid van 'n gelowige. Dis nie gefokus op die ondergang van die goddelose nie, maar op die eer van God.

---

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Hoofstuk van die dag: Openbaring 14

> *Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle." (vers 13)*

Dink net: dit wat ons vandag doen, volg ons hemel toe. Ons is nou al besig om te bou aan God se nuwe skepping. Dít wat ons in hierdie lewe in Gods Naam verrig, sal bly staan! Dit word deel van wie ek is en wie ek gaan wees in die ewigheid. Dit is nié maar om 't ewe of ek met die dinge van die Here besig is of nie. In God se nuwe wêreld sal daar ook plek wees vir dit wat ons hier op aarde vir Hom gedoen het.

Ons durf dus nie sit en wag op die wederkoms nie; ons het die voorreg om nóú al iets van God se nuwe wêreld 'n werklikheid te laat word. Daar waar jy iemand se eensaamheid verdryf, iemand se lyding help versag, 'n treurende troos, jy 'n stukkie brood, 'n kombers of 'n beker koffie vir iemand gee, is jy besig om iets van God se nuwe wêreld 'n werklikheid te laat word.

---



# Hoofstuk van die dag: Openbaring 13

> *Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om ’n merk op hulle regterhand of op hulle voorkop te dra … (vers 16)*


Die hervormer Martin Luther het die duiwel God se aap genoem, want hy probeer gedurig God na-aap. In Op 13 het ons ’n klassieke voorbeeld van sy na-apery. Ons aanbid ’n drie-enige God: Vader, Seun en Gees. Die Bose het ook ’n bose drie-eenheid: Satan (die draak, 12:18), die Antichris (die dier uit die see, 13:1) en die vals profeet (die dier uit die aarde, 13:11).

Die dodelike wond wat genees het (vers 3), verwys na ’n storie wat keiser Nero oor homself versprei het. Die godslastering

(vers 5,6) is ook 'n verwysing na Romeinse keisers wat hulleself as gode voorgedoen het. Destyds was keiseraanbidding 'n afdwingbare godsdiens waaroor menige Christen 'n marteldood gesterf het.

Die vals profeet is die Romeinse staatsmasjienerie wat mense gedwing het om die keiser te aanbid. Dié wat dit wel gedoen het, het 'n sertifikaat gekry wat hulle toegang tot die ekonomie gegee het. Dit is waarna die getal 666 verwys (teenoor God se merk, 7:3). Terwyl 7 die volmaakte getal (God se getal) is, is kom Satan nooit daarby uit nie. Daar is net een God!

---




- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video's en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede

# Hoofstuk van die dag: Openbaring 12

> *… die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het … (vers 6)*

Op 12 vertel die verhaal van 'n vrou – God se volk op aarde – wat 'n seun in die wêreld gebring het: Jesus Christus. Intussen het daar oorlog in die hemel uitgebreek tussen Migael en sy engele, en die draak en sy engele. Die draak – Satan – word verslaan en uit die hemel uitgeskop, en nou sit hy sy oorlog op aarde voort. Sy eerste teiken was hierdie Seun, maar toe hy die Seun nie kon verslind nie, wend die draak hom in al sy woede tot die vrou, dit wil sê die kerk.

Om haar te beskerm maak God vir haar 'n plek gereed in die woestyn. Die woestyn herinner ons aan die tyd toe die Israeliete uit Egipte gevlug het. Die woestynlewe was 'n lewe van eenvoud, in afhanklikheid van God.

Dis waarheen God die gelowiges (ons) stuur. Daar, weg van die prag en praal, weg van die suigkrag van die materialisme, moet ons skuil teen die aanslae van die draak, want daar is ons veilig van die duiwel en sy lis.

God is tuis by gelowiges wat 'n woestynbestaan voer, in eenvoud lewe, soos Jesus geleef het.

---

# Hoofstuk van die dag: Openbaring 11

> *Ek sal aan my twee getuies opdrag gee, en hulle sal, met rouklere aan, my boodskap twaalf honderd en sestig dae lank verkondig. (vers 3)*

Te midde van die oordele van God het die kerk steeds 'n taak.

Dit is wat die twee getuies (Moses en Elia) simboliseer. Dat dit 3½ jaar moet aanhou, dui daarop dat dit ’n beperkte tyd is (die helfte van sewe jaar). Moses en Elia het in hulle leeftyd onverskrokke opgestaan vir die eer van God, en so sal die kerk ook bly getuig.

Die twee olyfbome en twee lampe (vers 4) verwys na Sagaria 4:3. Die kerk (ons) hoef nie in eie krag ons man te staan nie, maar in die krag van die Gees van God (Sag 4:6).

Wanneer die kerk haar boodskap voltooi het, laat God toe dat die Antichris (die dier uit die aarde, Op 13:17) die kerk tydelik oorweldig, net soos Jesus gedood is. Dit duur ook net ’n kort rukkie (3½ dae) voordat God deur sy Gees ’n herlewing bring (vgl Eseg 37). Dit is die voorspel tot die finale triomf, wat met die sewende trompet aangekondig word (vers 15 en verder).

Tot dan moet ons aanhou sonder om moeg te word. God se finale oorwinning is seker!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026